Bekering 2009

Mar 1:1-15
(1) Die begin van die evangelie van Jesus Christus, die Seun van God.
(2) Soos geskrywe is in die Profete: Kyk, Ek stuur my boodskapper voor u aangesig, wat u pad voor U uit sal regmaak—
(3) die stem van een wat roep in die woestyn: Berei die weg van die Here, maak sy paaie reguit!

(4) Johannes het gekom en was besig om in die woestyn te doop en die doop van bekering tot vergifnis van sondes te verkondig.
(5) En die hele Joodse land en die inwoners van Jerusalem het uitgegaan na hom toe, en almal is deur hom gedoop in die Jordaanrivier met belydenis van hulle sondes.

(6) En Johannes was gekleed met kameelhare en ‘n leergord om sy heupe, en hy het sprinkane en wilde heuning geëet.
(7) En hy het gepreek en gesê: Hy wat sterker is as ek, kom ná my, en ek is nie waardig om neer te buk en sy skoenriem los te maak nie.
(8) Ek het julle wel met water gedoop, maar Hy sal julle doop met die Heilige Gees.

(9) En in daardie dae het Jesus van Násaret in Galiléa gekom en is deur Johannes in die Jordaan gedoop.
(10) En dadelik toe Hy opklim uit die water, sien Hy die hemele skeur en die Gees soos ‘n duif op Hom neerdaal.
(11) En daar het ‘n stem uit die hemele gekom: U is my geliefde Seun in wie Ek ‘n welbehae het.

(12) En dadelik het die Gees Hom uitgedryf in die woestyn.
(13) En Hy was daar in die woestyn veertig dae lank, terwyl Hy deur die Satan versoek is; en Hy was saam met die wilde diere, en die engele het Hom gedien.

(14) En nadat Johannes oorgelewer was, het Jesus in Galiléa gekom en die evangelie van die koninkryk van God verkondig
(15) en gesê: Die tyd is vervul en die **koninkryk van God het naby gekom**; **bekeer julle** en **glo die evangelie**.

Die **groot boodskap** in die Bybel is verlossing. Verlossing deur die **bloed** van Jesus Christus. Verlossing deur die **geloof** in Jesus Christus.

En die heel groot element van verlossing is **bekering**.

Voordat ons van ons sondes **verlos en vergewe** kan word, moet ons ons eers **bekeer**.

Ons moet ons eers van die **sondes bekeer** en dan sal die Here ons **vergewe** en ons ook **vrymaak** daarvan.

1Joh 1:9 "As ons ons sondes **bely**, Hy is getrou en regverdig om ons die sondes te **vergewe** en ons van alle ongeregtigheid te **reinig**."

Ons moet **bely** -- Dit is 'n stap van **bekering** -- En dan sal God ons **vergewe** en ons daarvan **reinig** … Met ander woorde **verlos**.

Daar is **twee elemente** verbonde aan verlosing. Hierdie twee elemente is 'n **absolute vereiste** vir verlossing.

En dit is **Geloof en bekering**.

Niemand sal ooit gered kan word sonder hierdie **kern elemente** nie.

Ek kan nie maar **aangaan met die lewe** en **doen wat ek wil** en **alles waarvoor ek lus is** en daarop aandring dat my **siel gered** is nie.

Nee, daar moet 'n **verandering** in my lewe plaasvind. Ek moet my van die **sonde** en die **verkeerde weë bekeer** en dan kan ek sê: "**Ek is verlos**."

Ek moet Jesus as my **persoonlike Saligmaker aanneem en bely**. Ek moet **glo** Hy het vir my **sondes gesterf** en die **volle prys** vir my betaal.

Ek kan nie sê: Ek **glo nie in Jesus** en die **verlossing in Sy bloed** nie -- En dink ek sal eendag in die **hemel** kan ingaan nie.

Die vereiste om in te gaan is om **te glo** dat Jesus die Verlosser is.

Buite Jesus is daar **geen verlossing** nie.

Joh 10:9 "**Ek is die deur**; as iemand **deur My ingaan**, **sal hy gered word**,..."

Daar is **net een weg na God** en die **ewige lewe** en dit is in Jesus Christus. Sonder Jesus sal **niemand** in die Hemel kan ingaan nie.

Joh 14:6 "Jesus antwoord hom: Ek is die **weg** en die **waarheid** en die **lewe**; **niemand kom na die Vader behalwe deur My nie**."

Maar ons moet besef, daar is **uitsonderings**.

Daar is sekere mense wat sal hemel toe gaan **sonder dat hulle in Jesus glo** en sonder dat hulle **Jesus aanneem** en sonder dat hulle **hul bekeer**.

Is dit so???

Nee, **dit is 'n leuen**!!

Hoekom **dink** so baie mense dan hulle kan **sonder Jesus gered** word?

Hulle stel **nie belang nie**. Hulle lewe hul **eie lewe**. Hulle lewe is **boos**, maar hulle **wil graag Hemel** toe gaan.

Daar is 'n vereiste: **Glo in Jesus Christus** en **Bekeer**.

"….Ek is die **weg** en die **waarheid** en die **lewe**; **niemand kom na die Vader behalwe deur My nie**."

Daar is **geen ander manier** om in die Hemel in te gaan **behalwe deur Jesus** nie.

Wanneer Jesus sê: "**Ek is die deur**…" Dan bedoel Hy daar is **geen ander weg** nie.

Daarom sê Jesus in **Markus 1: 15**: "**Bekeer julle en glo**" Dit is die **absolute vereistes** tot ons verlossing.

Hierdie twee elemente van verlossing is **aan mekaar verbonde** en kan **nooit geskei** word nie.

Ek kan nie sê **ek glo**, maar ek wil my **nie bekeer nie**. Die **geloof alleen** sal my **nie red nie**.

En net so sal ek my ook nooit **sonder geloof** kan bekeer nie.

Wat beteken bekeer? Dit beteken: **Verandering van gedagte**. "**A changing of mind**."

En – Om **weg te draai** of **Om te draai**. "**Turning away**."

'n **Verandering van rigting**.

Dit beteken om my **gedagte** omtrent sonde **te verander** en daarvan af **weg te draai**.

En dit alles begin natuurlik met die **erkenning van sonde**.

Die drie moeilikste woorde vir 'n mens om te sê is:

"**Ek het gesondig**." "**Ek is verkeerd**." "**Ek is jammer**." "**Ek vra vergifnis**."

Maar dit is waar ons moet **begin** met bekering.

Ons moet aan **onsself** en aan **God erken** dat ons verkeerd was. En dat ons **sonde gedoen** het.

Ek dink die **moeilikste stap** is om eers eerlik met **jouself** te word en aan **jouself te erken** dat dit wat jy doen verkeerd is.

Niemand sal ooit sonder **selferkenning** gered of gehelp kan word nie.

Wanneer ons **erkenning gee** aan die sonde, sien ons nie net **onsself as sondaars** nie, maar besef ons ook dat **alle sonde teen God** is.

Hoor wat sê Dawid in **Ps. 51: 6**.

:6 "Teen **U alleen** het ek gesondig en gedoen wat verkeerd is in u oë,…."

Die Engelse vertaling sê dit baie mooi:

Ps 51:4 "Against **thee**, **thee only**, have I sinned, …"

Alle sonde wat ons doen is **teen God**. Wanneer ons **faal** om reg te doen, **faal ons God**.

Ons faal nie **onsself** nie, maar ons **faal God**.

Ons faal God se Woord.

Omdat alle sonde **teen God is**, daarom moet ons **berou** ook teenoor God wees.

Daarom sê die Woord van die Here moet ons eers ons **sondes bely** en dan sal **God ons vergewe**.

Ons bely inderwaarheid dat ons verkeerd **teenoor God** gehandel het deur sonde te doen. Ons het **dit gedoen**, wat God **nie behaag nie** en daarom moet ons God om **vergifnis** vra.

Ons moet ons **sondetoestand besef**. Ons moet 'n **werklike behoefte** aan vergifnis hê.

Ek moet besef:

Ek kan **nie een dag** verder aangaan voordat ek my saak met God **reggemaak** het nie. Ek ontwikkel 'n **diepe begeerte** en **verlange** na **sondebelydenis** en **vergifnis**.

Vergifnis is nie 'n **aanvaarding** van die sonde nie, maar dit **hestel** ons **verhouding** met God.

Dit is waaroor dit gaan.

Belydenis en vergifnis handel oor **restorasie**. Dit **restoreer ons verhouding** met God.

Dit beteken nie God **aanvaar** ons sondes nie, maar wanneer God ons **vergewe** beteken dit ons kan weer met Hom **praat** en **kommunikeer** soos Adam gedoen het **voor die sondeval**.

Die **skeidsmuur** wat tussen ons en God opgerig word **deur die sonde** word **afgebreek**.

Die **kannaal van kommunikasie** word oopgemaak en ons kan in **Gemeenskap** en **Harmonie** met God lewe.

Daar moet ook onderskeid getref word tussen **jammerte** en **diepe berou**.

In die tronke is daar baie mense wat **jammer is** oor dit wat hulle gedoen het. En nog **meer jammer is** omdat hulle **gevang** is, maar daar is min van hulle wat **werklik berou** het oor hulle misdaad.

Werklikke diepe berou is nie **vrees vir straf** nie, maar berou lei na ‘n **wegdraai van sonde** en ‘n **terugkeer tot God**.

Dit is wat **bekering** behels.

Ons moet van **eienaarskap** verander. **Jesus moet die Eienaar** van ons lewens word. Dit is **ware berou** en **bekering**.

Eers het ek aan **myself behoort**, maar nou het ek die **eienaarskap aan Jesus** oorhandig en nou **behoort ek aan Hom**.

Nou maak dit nie meer saak **wat gebeur** in hierdie lewe nie, want ek **behoort aan Jesus**.

Jesus word nou die **middelpunt** van my bestaan. Dit is nie meer **my wil** nie, maar **laat U wil geskied**.

Ek gee nie **net my lewe oor** nie, maar ook **my eie wil**.

Ek wil **dit hê**… Ek wil **dit doen**… Nou word dit: Here wat wil **U hê**. Here wat **wil U hê** moet ek doen?

Dit is ‘**n totale oorgawe**!

Ek gee my oor in die **hand van die Here** en dit beteken ook om nie meer oor die **dag van môre** te bekommer nie, want die dag van môre **is ook in God** se hand oorgegee.

En wanneer ek **aan God behoort** sal Hy na **Sy eie omsien**.

Wie wil vandag ‘n **besluit vir Jesus** maak?

Wie wil na God **terugkeer**?

Is daar iemand wat wil sê: “Here ek het **gesondig**… Ek het **verkeerd** gedoen.”